OXFORD Suksesvolle

6

## Sosiale Wetenskappe

# ASSESSERINGS-HANDLEIDING



FOTOKOPIEERBAAR!

KABV

Oxford – jou keuse vir sukses

# Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Assesseringshandleiding

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

Oxford University Press is 'n departement van die Universiteit van Oxford. Dit bevorder die universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer. Oxford is 'n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press in die Verenigde Koningryk en in sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. Vasco Boulevard, Goodwood, N1 Stad, Posbus 12119, Kaapstad Suid-Afrika

© Oxford University Press Southern Africa 2019
Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Eerste uitgawe 2019

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n stelsel gestoor, of versprei word in enige vorm of op enige manier, sonder die vooraf skriftelike toestemming van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. nie, of as dit uitdruklik toegelaat word deur die wet, deur lisensie, of onder terme ooreengekom met die toepaslike organisasie vir reproduksieregte. Navrae oor reproduksie buite die omvang van bogenoemde, moet gestuur word aan die Departement Reproduksieregte, Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die bogenoemde adres. Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag versprei word nie, en dieselfde voorwaarde word op enige aanskaffer geplaas.

**Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Assesseringshandleiding**
ISBN (print) PROM190756901
Eerste druk 2019

Gedruk en gebind deur [insert paper quality e.g. acid-free paper]

**Erkennings**
Skrywer: Tania Kliphuis
Uitgewer: Janine Wilson
Vertaler: Marelize Strümpfer
Proefleser: Marina McDonald
Ontwerp deur: Electric Book Works
Omslagontwerper: Judith Cross
DTP Illustreerders: John Hall; Carla Martitz; Jennifer Jacobs
Eva Nossek; Avril Wiid; Diacritech
Geproduseer deur: Electric Book Works

Gedruk en gebind deur:

Die uitgewer en outeurs bedank graag die organisasies wat materiaal verskaf het en toestemming vir die reproduksie daarvan gegee het. Alles moontlik is gedoen om kopiereghouers op te spoor, maar waar dit onmoontlik was, ontvang die uitgewer graag inligting sodat enige regstellings in verdere uitgawes gedoen kan word. Skakels na die webwerwe van derde partye word in goedertrou en slegs ter inligting deur Oxford verskaf. Oxford neem geen verantwoordelikheid vir die materiaal in webwerwe van derde partye waarna daar in hierdie werk verwys word nie.

# Inhoud


**Kwartaal 1 Assessering** 5
Afdeling A: Geografie 5
Afdeling B: Geskiedenis 9
Woordelys 12
Vaardighede wat gedek word 13

**Kwartaal 2 Halfjaar-eksamen** 15
Afdeling A: Geografie 15
Afdeling B: Geskiedenis 17
Woordelys 19
Vaardighede wat gedek word 21

**Kwartaal 3 Assessering** 22
Afdeling A: Geografie 22
Afdeling B: Geskiedenis 24
Woordelys 26
Vaardighede wat gedek word 27

**Kwartaal 4 Jaareind-eksamen** 29
Afdeling A: Geografie 29
Afdeling B: Geskiedenis 33
Woordelys 35
Vaardighede wat gedek word 36

**Kwartaal 1 Assessering: Antwoorde** 37
Afdeling A: Geografie 37
Afdeling B: Geskiedenis 38

**Kwartaal 2 Halfjaar-eksamen: Antwoorde** 40
Afdeling A: Geografie 40
Afdeling B: Geskiedenis 42

**Kwartaal 3 Assessering: Antwoorde** 43
Afdeling A: Geografie 43
Afdeling B: Geskiedenis 45

**Kwartaal 4 Jaareind-eksamen: Antwoorde** 47
Afdeling A: Geografie 47
Afdeling B: Geskiedenis 48

# Kwartaal 1 Assessering

## Afdeling A: Geografie

### Lengte- en breedtegraad (grade)

1. Kies die korrekte antwoord uit die opsies voorsien.

   Die ewenaar is …

   A. ’n breedtelyn by 0°.
   B. ’n lengtelyn by 0°.
   C. ’n lyn op ’n aardbol wat die Aarde in oos en wes verdeel.
   D. ’n lengtelyn by 180°.

**[ 1 ]**


2. Kies die korrekte antwoord uit die opsies voorsien.

   Suid-Afrika is geleë in …

   A. die westelike halfrond.
   B. die suidelike en westelike halfronde.
   C. die suidelike en oostelike halfronde.
   D. die noordelike en oostelike halfronde.

**[ 1 ]**

3. Kyk na hierdie kaart en beantwoord die vrae.




3.1 Benoem die stad by 50° N 2° O. (1)

3.2 Gee die breedte- en lengtegraad vir Johannesburg. (2)

3.3 Benoem die stad by 35° N 120° W. (1)

3.4 Benoem die stad by 6° S 106° O. (1)


**[ 5 ]**

**Totaal: 7**

## Skaal

4. **Jy benodig ’n liniaal en ’n stuk papier met ’n reguit rand vir hierdie vraag.**

Kyk na hierdie kaart en beantwoord die vrae.




| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Skryf die woordskaal vir hierdie kaart neer. | (1) |
| 4.2 | Meet die afstand van Kaapstad tot Ulundi. | (2) |
| 4.3 | Meet die afstand van Port Elizabeth tot Ulundi. | (2) |
| 4.4 | Wat is verder van Kimberley af: Ulundi of Mahikeng? | (2) |
| | | **[ 7 ]** |

**Totaal: 7**

## Atlasse, globale statistiek en huidige gebeure

5. Lys die drie grootste woestyne in die wêreld.

**[ 3 ]**

6. Lys drie soorte inligting wat jy in ’n atlas kan kry.

**[ 3 ]**

**Totaal: 6**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

**Veranderinge in die samelewing in die Limpopo-vallei tussen 900 n.C. en 1300 n.C.**

7. Definieer die term plaasopstal.

**[ 2 ]**

**Totaal: 2**

**Nedersettings in die Limpopo-vallei voor Mapungubwe: K2 en Schroda**

8. Voorsien die nedersettings by A en B van byskrifte.




**[ 2 ]**


**Totaal: 2**

## Mapungubwe: Eerste staat in Suider-Afrika

9. Verduidelik hoekom die koning aan die bokant van Mapungubwe-heuwel gebly het.

**[ 2 ]**

10. Hierdie prent toon hoe argeoloë glo Mapungubwe gelyk het. Beskryf die dorpie deur te verduidelik wie by A, B, en C gebly het.




**[ 3 ]**

11. Onderskei tussen hoe die nedersettings by K2 en later by Mapungubwe gerangskik is.

**[ 3 ]**

**Totaal: 8**

## Verandering en kontinuïteit in Ooskushandel met nedersettings in die binneland

12. Lys twee goedere waarmee Groot-Zimbabwe na 1300 n.C. mee handel gedryf het.

**[ 2 ]**

**Totaal: 2**

## Groot-Zimbabwe

13. Baie mense glo dat Groot-Zimbabwe deur dieselfde mense gebou is wat Mapungubwe gebou het. Verduidelik hoekom mense dit glo, en sê hoekom dit nie waar is nie.

**[ 3 ]**

**Totaal: 3**

## Europese ontdekkingsreisigers in Asië in die tyd van Mapungubwe

14. Skryf ’n kort paragraaf van 3–4 sinne wat opsom hoe Marco Polo latere Europese ontdekkingsreisigers beïnvloed het.

**[ 3 ]**

**Totaal: 3**
**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Woordelys

**argeoloog:** persoon wat antieke beskawings bestudeer deur te soek na artefakte of bewyse daarvan
**kies:** besluit tussen verskillende keuses
**definieer:** skryf ’n definisie; beskryf presies in een sin
**beskryf:** gee ’n gedetailleerde verduideliking
**woestyn:** plek of gebied wat min of geen reënval ontvang nie
**onderskei:** verduidelik die verskille tussen dinge
**byskrif:** ’n beskrywing vir ’n deel van ’n prent
**voorsien van byskrifte:** skryf neer dit wat ’n deel van ’n prent beskryf
**lys (werkwoord):** skryf dinge neer wat op een of ander manier verbind is
**opsie:** keuse
**nedersetting:** plek waar mense gekies het om te woon
**opsom:** verkort ’n langer teks deur slegs die belangrikste punte neer te skryf

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| argeoloog | archaeologist | umcwaningi ngomlando/ gemvelaphi | incutshe ngezakudala | modiri ka matlapa | ya tsetollang tsa kgale/ moakioloji |
| kies | choose | khetha | khetha | tlhopha | kgetha |
| definieer | define | chaza | nika ingcaciso | tlhalosa | hlalosa |
| beskryf | describe | chaza | chaza | tlhalosa | hlalosa |
| woestyn | desert | ugwadule | intlango | sekaka | lehwatata |
| onderskei | distinguish | balula umehluko | yahlula | tlhotlholola/ tlhopha | khetholla |
| byskrif | label | igama | ileyibhile | leina | leibole |
| voorsien van byskrifte | label | nikeza igama | phawula | kwala maina | leibola |
| lys | list | enza uhla | dwelisa | neela | etsa letoto/ lenane |

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| opsie | option | ongakhetha kukho | ukuzikhethela | boikgethelo | kgetho |
| nedersetting | settlement | indawo yokuhlala | indawo yokuhlala | bonno | bodulo |
| opsom | summarise | finyeza, goqa inkulumo | shwankathela | khutshwafatsa/ sosobanya | kgutsufatsa |

# Vaardighede wat gedek word

| Vraagnommer | Moeilikheidsgraad | Vaardigheid | Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A: Geografie** | | | |
| **Lengte- en breedtegraad (grade)** | | | |
| 1 | lae orde | onthou | Module 1 Aktiwiteit 1 (bl. 9) |
| 2 | lae orde | onthou | Module 1 Aktiwiteit 1 (bl. 9) |
| 3 | middel orde | lees van kaart | Module 1 Aktiwiteit 2 (bl. 11) |
| **Scale** | | | |
| 4 | middel orde | lees van kaart | Module 1 Aktiwiteit 4 (bl. 15) |
| **Atlasse, globale statistiek en huidige gebeure** | | | |
| 5 | lae orde | lys | Module 1 Aktiwiteit 5 (bl. 17) |
| 6 | lae orde | lys | Module 1 Aktiwiteit 6 (bl. 19)<br>Module 1 Aktiwiteit 7 (bl. 19) |


| Vraagnommer | Moeilikheidsgraad | Vaardigheid | Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening |
|---|---|---|---|
| **Afdeling B: Geskiedenis** | | | |
| **Veranderinge in die samelewing in die Limpopo-vallei tussen 900 n.C. en 1300 n.C.** | | | |
| 7 | lae orde | definieer | Module 2 Aktiwiteit 1 (bl. 28) |
| **Nedersettings in die Limpopo-vallei voor Mapungubwe: K2 en Schroda** | | | |
| 8 | lae orde | voorsien van byskrifte | Formele assessering (bl. 36) |
| **Mapungubwe: Eerste staat in Suider-Afrika** | | | |
| 9 | middel orde | verduidelik | Module 2 Aktiwiteit 5 (bl. 33) |
| 10 | middel orde | beskryf | Module 2 Aktiwiteit 5 (bl. 33) |
| 11 | hoë orde | vergelyk | Module 2 Aktiwiteit 2 (bl. 29) |
| **Verandering en kontinuïteit in Ooskushandel met nedersettings in die binneland** | | | |
| 12 | lae orde | lys | Module 2 Aktiwiteit 5 (bl. 33) |
| **Groot-Zimbabwe** | | | |
| 13 | hoë orde | regverdig | Module 2 Aktiwiteit 5 (bl. 33) |
| **Europese ontdekkingsreisigers in Asië in die tyd van Mapungubwe** | | | |
| 14 | hoë orde | som op | Formele assessering (bl. 36) |

# Afdeling A: Geografie

### Kaartvaardighede

1. Voorsien hierdie illustrasie van byskrifte:

   A. die halfrond van die helfte van die aardbol geskei deur die ewenaar
   B. die lengtelyn
   C. die halfrond van die helfte van die aardbol geskei deur die lengtelyn by B
   D. die halfrond van die helfte van die aardbol geskei deur die ewenaar




**[ 4 ]**

2. Lys twee van die wêreld se hoogste berge.

**[ 2 ]**

3. Lys twee van die wêreld se langste riviere.

**[ 2 ]**

**Totaal: 8**

## Handel

4. Onderskei tussen uitvoere en invoere.

**[ 2 ]**

5. Klassifiseer geblikte boontjies as ’n primêre produk of ’n sekondêre produk. Gee ’n rede vir jou antwoord.

**[ 2 ]**

6. Verduidelik hoekom kakao ’n laer waarde as sjokolade het. Verwys in jou antwoord na koste van vervaardiging en wins wat bydra tot die prys wat verbruikers vir sjokolade in die winkel betaal.

**[ 4 ]**

7. Vervaardigde goedere het ’n hoër waarde as grondstowwe. Verduidelik hoe dit die manier wat werkers behandel en betaal word, kan beïnvloed. Gee in jou antwoord ’n voorbeeld van ’n grondstof en vervaardigde produk.


**[ 4 ]**

**Totaal: 12**
**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

**’n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe**

8. Kyk na hierdie tydlyn en beantwoord die vrae.




8.1 Skryf die name van die antieke koninkryke in Suider-Afrika in volgorde, van die oudste tot die jongste, neer. (4)
8.2 Watter koninkryk het die langste bestaan? (1)
8.3 Hoe lank het Schroda bestaan? (1)
8.4 Hoe lank ná Schroda het Marco Polo met sy reise begin? (2)

**[ 8 ]**

**Totaal: 8**

## Ontdekkers van Europa vind Suider-Afrika

9. Wat was die Renaissance?

**[ 4 ]**

10. Noem twee belangrike uitvindings uit die Renaissance-tydperk.

**[ 2 ]**

11. Verduidelik hoe die Moslemse Turke Europese ontdekkingsreise in die laat 14de eeu beïnvloed het.

**[ 4 ]**

12. Noem die eerste Europese ontdekkingsreisiger wat Indië per see bereik het.

**[ 2 ]**

**Totaal: 12**

**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Woordelys

**antieke:** baie oud
**klassifiseer:** plaas in spesifieke kategorieë of groepe
**verbruiker:** iemand wat 'n produk gebruik
**dra by:** help met of betrokke wees by iets
**koste:** 'n bedrag wat spandeer word op of betaal vir iets
**verkenning:** die aksie van 'n onbekende plek of idee verken
**goedere:** voorwerp of item wat vervaardig of verwerk is
**illustrasie:** prent of tekening
**beïnvloed:** 'n uitwerking op iets hê
**uitvinding:** iets nuuts wat gemaak is
**byskrif:** 'n beskrywing vir 'n deel van 'n prent
**voorsien van byskrifte:** skryf neer dit wat 'n deel van 'n prent beskryf
**benoem:** sê wat die woord vir iets is
**tydperk:** era; periode waarin sekere dinge gebeur het
**onlangse:** nie lank gelede nie
**tydlyn:** visuele voorstelling van wanneer dinge gebeur het
**waarde:** wat iets werd is

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| antieke | ancient | mandulo | mandulo | sa kgale | ya kgale |
| klassifiseer | classify | hlela/hlukanisa ngokwemazinga | hlela | kgobokanyo | hlopha |
| verbruiker | consumer | osebenzisa umkhiqhizo | umsebenzisi wezinto/ umthengi | modirisi | moreki |
| dra by | contribute | faka isandla, yelekelela | ncedisa | tsaya karolo | tlatsetsa |
| koste | cost | izindleko | ixabiso | tlhotlhwa | ditshenyehelo |
| verkenning | exploration | ukuba sendaweni ongayijwayele ngenhloso ethile | ukuhlola | itemogelo | patlisiso |
| goedere | goods | umkhiqhizo | into elungileyo | kuno | tlhahiso |

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| illustrasie | illustration | chaza ngokudweba isithombe | umfanekiso | tiragatso | setshwantsho |
| beïnvloed | influence | umthelela | phembelela | susumetsa | susumetsa |
| uitvinding | invention | ukusungula | ukuqamba | sediriswa | boqapi |
| byskrif | label | igama | ileyibhile | leina | leibole |
| voorsien van byskrifte | label | nikeza igama | phawula | kwala maina | leibola |
| benoem | name | nika igama lento | xela/biza | neela | reha |
| tydperk | period | isigaba sesikhathi | ixesha elithile ezimbalini | motsi/ motlha | nako |
| onlangse | recent | maduzane | kutsha nje | tsa sešweng | e sa tswa feta |
| tydlyn | timeline | isikhathi okuzosetshenzelwa phezu kwaso | ukubonakaliswa kwamaxesha | nako | molanako |
| waarde | value | inzuzo | ixabiso | boleng | boleng |

# Vaardighede wat gedek word


| Vraagnommer | Moeilikheidsgraad | Vaardigheid | Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A: Geografie** | | | |
| **Kaartvaardighede** | | | |
| 1 | lae orde | voorsien van byskrifte | Module 1 Aktiwiteit 1 (bl. 9) |
| 2 | lae orde | lys | Module 1 Aktiwiteit 5 (bl. 17) |
| 3 | lae orde | lys | Module 1 Aktiwiteit 5 (bl. 17) |
| **Handel** | | | |
| 4 | hoë orde | differensieer | Module 3 Aktiwiteit 1 (bl. 40) |
| 5 | middel orde | klassifiseer | Module 3 Aktiwiteit 2 (bl. 42) |
| 6 | hoë orde | verduidelik | Module 3 Aktiwiteit 3 (bl. 46) |
| 7 | hoë orde | interpreteer | Module 3 Aktiwiteit 4 (bl. 48) |
| **Afdeling B: Geskiedenis** | | | |
| **’n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe** | | | |
| 8 | middel orde | interpreteer | Formele assessering (bl. 36) |
| **Ontdekkers van Europa vind Suider-Afrika** | | | |
| 9 | middel orde | verduidelik | Module 4 Aktiwiteit 1 (bl. 57) |
| 10 | lae orde | benoem | Module 4 Aktiwiteit 1 (bl. 57) |
| 11 | middel orde | verduidelik | Eksamenoefening (bl. 66) |
| 12 | lae orde | benoem | Eksamenoefening (bl. 66) |

# Kwartaal 3 Assessering

## Afdeling A: Geografie

**Klimaat regoor die wêreld**

1. Kyk na hierdie kaart wat globale temperature in Januarie toon. Beantwoord die vrae.




| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Watter seisoen is dit in die noordelike halfrond? | (1) |
| 1.2 | Wat is die gemiddelde temperature in die suidelike halfrond? | (2) |
| 1.3 | Noem 'n streek wat 'n matige somer ervaar. | (1) |
| 1.4 | Watter streek ervaar die warmste somer? | (1) |
| | | **[ 5 ]** |

**Totaal: 5**

## Tropiese reënwoude

2. Beskryf die klimaat in 'n reënwoud.

**[ 2 ]**

3. Is hierdie stelling waar of vals?

   Meeste tropiese reënwoude kom gegroepeerd langs die Steenbokskeerkring en Kreefskeerkring voor.

**[ 1 ]**

4. Is hierdie stelling waar of vals?

   Daar is geen merkwaardige reënwoude in Europa nie.

**[ 1 ]**

5. Definieer ontbossing.

**[ 1 ]**

**Totaal: 5**

## Warm woestyne

6. Beskryf hoe plante en diere wat in woestyne bly in staat is om in hoë temperature met min water te oorleef. Gee vyf maniere.

**[ 5 ]**

**Totaal: 5**

## Naaldwoude

7. Noem vyf maniere waarop naaldbome aangepas is by die koue, droë winters in die noordelike halfrond.

**[ 5 ]**

**Totaal: 5**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

### Hoe mense hulself in ’n demokrasie regeer: ons nasionale regering

8. Wat is die doel van Suid-Afrika se Grondwet?

**[ 2 ]**

9. Wat is rol van die parlement?

**[ 2 ]**

10. Wat is die korrekte volgorde van die howe in Suid-Afrika, van hoogste tot laagste?

    A. Landdroshof, Hooggeregshof, Appèlhof, Konstitusionele hof
    B. Konstitusionele hof, Hooggeregshof, Appèlhof, Landdroshof
    C. Konstitusionele hof, Appèlhof, Hooggeregshof, Landdroshof
    D. Appèlhof, Konstitusionele hof, Hooggeregshof, Landdroshof

**[ 2 ]**

11. Wat is ’n demokratiese regering?

**[ 2 ]**

**Totaal: 8**

### Regte en verantwoordelikhede van burgers in ’n demokrasie

12. Onderskei tussen regte en verantwoordelikhede. Gee ’n voorbeeld.

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

### Kinders se regte en verantwoordelikhede

13. Lys vier regte uit die Kinderhandves van Suid-Afrika.

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

## Nasionale simbole sedert 1994

14. Kyk na die Suid-Afrikaanse wapen.




Trek 'n tabel op wat vier elemente van die Suid-Afrikaanse wapen in die eerste kolom lys, en sê in die tweede kolom wat elk verteenwoordig. Byvoorbeeld:

| **Element** | **Wat dit beteken** |
|---|---|
| Die opkomende son | Lig en warmte |

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Woordelys

**aangepas:** gewysig om by die omstandighede te pas
**gemiddelde:** die algemene waarde oor ’n lang tyd
**gegroepeerd:** saamgebondel of saamgehoop
**onderskei:** verduidelik die verskille tussen dinge
**element:** ’n kenmerkende deel van iets
**globale:** regoor die wêreld
**matige:** nie ernstig of fel nie
**doel:** die rede hoekom iets gedoen word
**streek:** gebied
**verteenwoordig:** beskryf of is ’n simbool van iets
**rol:** werk of verantwoordelikheid
**merkwaardig:** belangrik of opmerklik
**stelling:** ’n sin wat feitelik is, of blyk om te wees
**om by te pas:** om aanvaarbaar vir iets te wees

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| aangepas | adapted | iguqulelwe | iqhelanisiwe | nopotswe | fetoletswe |
| gemiddelde | average | isilinganiso | umgangatho ophakathi | palogare | tekano/e lekanang |
| gegroepeerd | clustered | kuqoqelwe ndawonye | inqumbene | kgobokantswe | bipetsane |
| onderskei | distinguish | balula umehluko | yahlula | tlhotlholola/ tlhopha | khetholla |
| element | element | uphawu | inxenye | karolo | ntho |
| globale | global | okuthinta umhlaba wonke | yehlabathi jikelele | lefatshe | lefatshe ka bophara |
| matige | mild | izinga eliphakathi nendawo | izinga eliphakathi | magareng | foofo |
| doel | purpose | inhloso | injongo | tiro | sepheo |
| streek | region | isifunda | ummandla | kgaolo | lebatowa |

| **Afrikaans** | **Engels** | **isiZulu** | **isiXhosa** | **Setswana** | **Sesotho** |
|---|---|---|---|---|---|
| verteenwoordig | represent | ukumelela | ukubonisa/ ukumela | emela | e emetse |
| rol | role | iqhaza | indima | mosola | mosebetsi |
| merkwaardig | significant | kubalulekile | okubalulekileyo | botlhokwa | e ikgethang |
| stelling | statement | isitatimende | ingxelo | mokwalo | setatemente |
| om by te pas | to suit | kusebenzelana | ukukholisa | go tshwanela | ho tsamaelana le |

# Vaardighede wat gedek word

| **Vraagnommer** | **Moeilikheidsgraad** | **Vaardigheid** | **Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening** |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A: Geografie** | | | |
| **Klimaat regoor die wêreld** | | | |
| 1 | middel orde | lees van kaart | Module 5 Aktiwiteit 1 (bl. 69) |
| **Tropiese reënwoude** | | | |
| 2 | middel orde | beskryf | Module 5 Aktiwiteit 3 (bl. 71) |
| 3 | lae orde | onthou | Module 5 Aktiwiteit 3 (bl. 71) |
| 4 | lae orde | onthou | Module 5 Aktiwiteit 3 (bl. 71) |
| 5 | lae orde | definieer | Module 5 Aktiwiteit 5 (bl. 74) |
| **Warm woestyne** | | | |
| 6 | middel orde | beskryf | Module 5 Aktiwiteit 6 (bl. 77) |
| **Naaldwoude** | | | |
| 7 | middel orde | beskryf | Module 5 Aktiwiteit 8 (bl. 79) |


| Vraagnommer | Moeilikheidsgraad | Vaardigheid | Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening |
|---|---|---|---|
| **Afdeling B: Geskiedenis** | | | |
| **Hoe mense hulself in 'n demokrasie regeer: ons nasionale regering** | | | |
| 8 | middel orde | verduidelik | Module 6 Aktiwiteit 4 (bl. 87) |
| 9 | middel orde | verduidelik | Module 6 Aktiwiteit 1 (bl. 85) |
| 10 | hoë orde | organise | Module 6 Aktiwiteit 2 (bl. 85) |
| 11 | middel orde | verduidelik | Module 6 Aktiwiteit 3 (bl. 86) |
| **Regte en verantwoordelikhede van burgers in 'n demokrasie** | | | |
| 12 | hoë orde | onderskei | Module 6 Aktiwiteit 6 (bl. 89) |
| **Kinders se regte en verantwoordelikhede** | | | |
| 13 | lae orde | lys | Module 6 Aktiwiteit 9 (bl. 92) |
| **Nasionale simbole sedert 1994** | | | |
| 14 | hoë orde | tabuleer | Module 6 Aktiwiteit 10 (bl. 95) |

# Kwartaal 4 Jaareind-eksamen


## Afdeling A: Geografie

**Klimaat en plantegroei oor die wêreld**


1. Kyk na hierdie klimaatsgrafieke. Beantwoord die vrae.



**B**


Port Nolloth
40
30
20
10
0
Temperatuur (°C)
250
200
150
100
50
0
Reënval (mm)
J F M A M J J A S O N D

**C**


Yellowknife
20
10
0
-10
-20
-30
-40
Temperatuur (°C)
250
200
150
100
50
0
Reënval (mm)
J F M A M J J A S O N D

1.1 Watter grafiek toon ’n klimaat geskik vir ’n reënwoud? Verduidelik hoekom. (2)

1.2 Watter grafiek toon waarskynlik ’n klimaat waar naaldbome groei? Verduidelik hoekom. (2)

1.3 Watter klimaat word deur Grafiek B getoon? (1)

1.4 Hoeveel reën het in Februarie geval in die gebied getoon deur Grafiek A? (1)

1.5 Dink jy dit is somer of winter in Februarie (Grafiek A)? Sê hoekom jy so dink. (2)

**[ 8 ]**

**Totaal: 8**

## Bevolking: hoekom mense woon waar hulle woon

2. Definieer bevolkingsverspreiding en sê hoe dit met bevolkingsdigtheid verband hou.


**[ 3 ]**

3. 3.1 Lys drie faktore wat ‘n invloed het op waar mense woon. (3)

   3.2 Kies EEN faktor uit jou antwoord op die vorige vraag, en verduidelik hoekom dit mense se keuse waar hul vestig beïnvloed. (2)

**[ 5 ]**

4. Kyk na hierdie bevolkingsdigtheid-kaart. Beantwoord die vrae.




4.1 Hoeveel mense woon in Kaapstad? (1)

4.2 Hoekom dink jy woon die meeste mense in Noord Afrika langs die kus? (3)

**[ 4 ]**

**Totaal: 12**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

## Demokrasie en burgerskap

5. Wat is die verskil tussen ’n reg en ’n verantwoordelikheid? Gee ’n voorbeeld in jou antwoord.

**[ 4 ]**

6. Verbind die element van Suid-Afrika se wapen in die eerste kolom met die korrekte verduideliking van wat dit voorstel in die tweede kolom.

| | |
|---|---|
| 6.1 Protea-blom | A. Beskerming |
| 6.2 Koringare | B. Wapens as simbool van die beskerming van vrede |
| 6.3 Skild | C. Voedsel en die vrugbaarheid van die land |
| 6.4 Spies en knopkierie | D. Natuurskoonheid en die opbloeiing van die land se potensiaal |

**[ 4 ]**

**Totaal: 8**

## Medisyne die eeue heen

7. Verduidelik hoe mense geïdentifiseer en opgelei word om tradisionele genesers te wees.

**[ 3 ]**

8. Verbind die ontdekking in die eerste kolom met die persoon in die tweede kolom.

| | |
|---|---|
| 8.1 Inenting teen pokke | A. Robert Koch |
| 8.2 Verband tussen kieme en siekte | B. Christiaan Barnard |
| 8.3 Oorsaak van tuberkulose | C. Edward Jenner |
| 8.4 Penisillien | D. Louis Pasteur |
| 8.5 Eerste hartoorplanting | E. Alexander Fleming |

**[ 5 ]**

9. Noem twee mediese ontdekkings wat die eerste hartoorplanting moontlik gemaak het.

**[ 2 ]**

10. Verduidelik wat holistiese geneeskunde beteken.

**[ 2 ]**

**Totaal: 12**

**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Woordelys

**kus:** die deel van die land langs die see
**ontdekking:** 'n ding, plek of idee wat vir die eerste keer gevind of gesien word deur 'n spesifieke groep mense
**faktor:** 'n feit wat tot die eindresultaat bydra
**grafiek:** 'n visuele voorstelling van data of feite
**sluit in:** deel maak van
**waarskynlik:** dit is heel moontlik die waarheid
**bevolking:** hoeveel mense in 'n spesifieke gebied woon
**vestig:** trek na 'n omgewing om 'n bestaan daar te maak
**gepaste:** aanvaarvaar
**tradisionele geneser:** persoon wat opgelei is in tradisionele en inheemse maniere om mense se gesondheidsprobleme te behandel

| Afrikaans | Engels | isiZulu | isiXhosa | Setswana | Sesotho |
|---|---|---|---|---|---|
| kus | coast | ugu lolwandle | unxweme | letsha | lebopo |
| ontdekking | discovery | okutholakala okokuqala | ukufunyaniswa | go itemogela sengwe | phumano/ kutullo |
| faktor | factor | ingxenye enomthelela | imbangi/isizathu | lebaka | lebaka |
| grafiek | graph | igrafu | isazobe | kerafo | kerafo |
| sluit in | include | ukufaka phezu kokukhona | quka | tsenya | kenyelletsa |
| waarskynlik | likely | okungenzeka | ngokufanelekileyo | e ka nna | e ka bang |
| bevolking | population | inani labantu ngokwendawo | abemi | batho ba naga | batho ba naha |
| vestig | settle | ukuhlala | hlala | tlhoma | dula |
| gepaste | suitable | okuhambisanayo/ okwemukelekile | ilungele | tshwanetse | tshwanetseng |
| tradisionele geneser | traditional healer | umelaphi wendabuko | ixhwele | ngaka ya setso | ngaka ya setso |

# Vaardighede wat gedek word

| Vraagnommer | Moeilikheidsgraad | Vaardigheid | Nog oefeninge in *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe Graad 6 Leerdersboek* vir verdere oefening |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A: Geografie** | | | |
| **Klimaat en plantegroei oor die wêreld** | | | |
| 1 | middel orde | vergelyk | Module 5 Aktiwiteit 3 (bl. 71)<br>Module 5 Aktiwiteit 6 (bl. 77)<br>Module 5 Aktiwiteit 8 (bl. 79) |
| **Bevolking - Hoekom mense woon waar hulle dit doen** | | | |
| 2 | lae orde | definieer | Module 7 Aktiwiteit 1 (bl. 102) |
| 3 | lae orde | lys | Module 7 Aktiwiteit 2 (bl. 104) |
| 4 | middel orde | lees van kaart | Module 7 Aktiwiteit 5 (bl. 108) |
| **Afdeling B: Geskiedenis** | | | |
| **Demokrasie en burgerskap** | | | |
| 5 | hoë orde | onderskei | Module 6 Aktiwiteit 6 (bl. 89) |
| 6 | lae orde | verbind | Module 6 Aktiwiteit 10 (bl. 95) |
| **Medisyne die eeue heen** | | | |
| 7 | middel orde | verduidelik | Module 8 Aktiwiteit 1 (bl. 114)<br>Module 8 Aktiwiteit 3 (bl. 116) |
| 8 | lae orde | verbind | Module 8 Aktiwiteit 6 (bl. 119) |
| 9 | middel orde | benoem | Module 8 Aktiwiteit 8 (bl. 122) |
| 10 | middel orde | verduidelik | Module 8 Aktiwiteit 9 (bl. 123) |

# Kwartaal 1 Assessering: Antwoorde

## Afdeling A: Geografie

### Lengte- en breedtegraad (grade)

1. A

**[ 1 ]**

2. C

**[ 1 ]**

3. 1. Parys
   2. 22° S 29° O (Leerders sukkel dalk om die presiese lengte– en breedtegraad van die kaart af te lei. Aanvaar antwoorde naby hieraan met ʼn verskil van ongeveer 5° in enige rigting).
   3. San Francisco
   4. Djakarta

**[ 5 ]**

**Totaal: 7**

### Skaal

4. 1. Die uitdruk van die kaart beïnvloed dalk die skaal, die indelings mag dalk nie 1 cm elk wees nie. Voorbeeld-antwoord: 1 cm op die kaart verteenwoordig 100 km op die grond.
   2. Die uitdruk van die kaart beïnvloed dalk die skaal, berei jou dus betyds voor deur die afstand self te meet.
   3. Die uitdruk van die kaart beïnvloed dalk die skaal, berei jou dus betyds voor deur die afstand self te meet.
   4. Ulundi

**[ 7 ]**

**Totaal: 7**

### Atlasse, globale statistiek en huidige gebeure

5. Saharawoestyn, Arabiese woestyn en die Kalahariwoestyn

**[ 3 ]**

6. Aanvaar enige drie: kaarte, grafieke, prente, statistieke en diagramme

**[ 3 ]**

**Totaal: 6**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

## Veranderinge in die samelewing in die Limpopo-vallei tussen 900 n.C. en 1300 n.C.

7. Huise om 'n sentrale beeskraal.

**[ 2 ]**

**Totaal: 2**

## Nedersettings in die Limpopo-vallei voor Mapungubwe: K2 en Schroda

8. A: Schroda B: K2

**[ 2 ]**

**Totaal: 2**

## Mapungubwe: Eerste staat in Suider-Afrika

9. Om hoër as ander te bly, was 'n simbool van mag, dus het die koning aan die bokant van Mapungubwe-heuwel gebly. Verder is Mapungubwe-heuwel as heilig vir God en die voorvaders beskou.

**[ 2 ]**

10.
- Die koning en sy vroue en kinders het aan die bokant van die heuwel gebly (A).
- Die res van die koning se familie, asook die vroue se familie, het teen die hange van die heuwel gebly (B).
- Die res van die bevolking het aan die voet van die heuwel gebly (C).

**[ 3 ]**

11. Die nedersetting by K2 is in die tipiese vorm van 'n opstal gerangskik. Later is die opperhoof se beeskraal wegbeweeg. In Mapungubwe het die koning heeltemal weggetrek van sy mense tot die bokant van die heuwel, om die verskil in sosiale klas aan te dui.

**[ 3 ]**

**Totaal: 8**

## Verandering en kontinuïteit in Ooskushandel met nedersettings in die binneland

12. Aanvaar twee: Yster, koper, goud, ivoor

**[ 2 ]**

**Totaal: 2**

## Groot-Zimbabwe

13. Die kultuur by Groot-Zimbabwe was dieselfde as die kultuur by Mapungubwe. Hulle het ook dieselfde goedere met soortgelyke mense geruil. Dit was egter vroeër Shona-mense uit daardie streek wat Groot-Zimbabwe gebou het en nie mense uit Mapungubwe nie.

**[ 3 ]**

**Totaal: 3**

## Europese ontdekkingsreisigers in Asië in die tyd van Mapungubwe

14. Voorbeeld-antwoord: Toe Marco Polo teruggekeer het van sy reise het hy 'n boek geskryf genaamd *Description of the World*. Baie mense het gedink hy jok, want hulle het geen rede gehad om te glo hy het wel die dinge gesien wat hy beweer nie. Byna 200 jaar later het Christopher Columbus egter Marco Polo se boek gelees en hom geglo. Dit het Columbus se eie reise geïnspireer en hy het die eerste Europeër geword wat die Amerikas gesien het.

**[ 3 ]**

**Totaal: 3**
**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Kwartaal 2 Halfjaar-eksamen: Antwoorde

## Afdeling A: Geografie

### Kaartvaardighede

1. A. suidelike halfrond
   B. greenwich-meridiaan
   C. westelike halfrond
   D. noordelike halfrond

**[ 4 ]**

2. Aanvaar twee: Berg Everest, Qogir/K2, en Kantsjendjanga

**[ 2 ]**

3. Aanvaar twee: die Nyl, die Amasone, en die Chang Jiang

**[ 2 ]**

**Totaal: 8**

## Handel

4. Uitvoere is goedere en dienste wat aan 'n ander land verkoop word. Invoere is goedere en dienste wat 'n land by 'n ander land koop.

**[ 2 ]**

5. Dit is 'n sekondêre produk. Dit is vervaardig/geprosesseer omdat die boontjies gekook en toe geblik is.

**[ 2 ]**

6. Kakao is 'n grondstof, terwyl sjokolade 'n vervaardigde produk is. Om hierdie rede het kakao 'n laer waarde as die voltooide produk. Die kakaoboere, sowel as die sjokoladevervaardigers, moet 'n wins maak, dus voeg hulle dit by die koste – byvoorbeeld, die koste van melk en suiker wat by die kakao gevoeg word om die sjokolade te maak. Die kleinhandelaar moet ook wins maak.

**[ 4 ]**

**Totaal: 8**

7. Aanvaar enige redelike en korrekte antwoorde. Leerders moet noem dat werkers wat met grondstowwe werk (boere, myners, ens.) dikwels uitgebuit en minder betaal word as werkers wat met verwerkte en vervaardigde goedere werk. Leerders moet 'n voorbeeld voorsien. Ken 2 punte toe vir 'n korrekte voorbeeld, en 'n verdere 2 punte vir die leerder se korrekte verduideliking.

   Voorbeeld-antwoord: Ómdat grondmateriale 'n laer waarde het, moet kostes laag gehou word sodat die produseerder 'n wins kan maak. Dit beteken dat arbeiders en werkers lae lone kan ontvang. Ons sê dan hulle word uitgebuit. Boonop moet maatskappye wat die grondstowwe gebruik om goedere te vervaardig kostes laag hou om 'n wins te kan maak, en sal dus so min as moontlik vir die grondstof probeer betaal. As die produk klaar vervaardig/gemaak is, is dit meer werd as die grondstof. Byvoorbeeld, 'n stuk goue juweliersware het meer waarde as 'n klont onverwerkte goud. Dit beteken dikwels 'n mynwerker word minder betaal as 'n juweliersontwerper.

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

## ’n Afrika-koninkryk lank gelede in Suider-Afrika: Mapungubwe

8. 1. Schroda, K2, Mapungubwe, Groot-Zimbabwe
   2. K2
   3. 100 jaar/’n eeu
   4. ongeveer 280 jaar

**[ 8 ]**

**Totaal: 8**

## Ontdekkers van Europa vind Suider-Afrika

9. Die Renaissance (wat “wedergeboorte” beteken) het gevolg op die godsdienstige onstuimigheid van die Donker Middeleeue, waartydens kennis en wetenskap onderdruk is. Die Renaissance was ’n herlewing van die Griekse kennis en kuns, sowel as nuwe idees op die gebiede van wiskunde, wetenskappe, kuns en meer.

**[ 4 ]**

10. Aanvaar twee: kruit, magnetiese kompas, karveel

**[ 2 ]**

11. Toe die Turke beheer van Konstantinopel oorgeneem het, het hulle al die landroetes van Asië na Europa beheer. Hulle het duur belasting op alle goedere gehef wat deur hul lande beweeg. Omdat die Europeërs in beheer van hul eie handel wou wees, moes hulle ander handelroetes vind.

**[ 4 ]**

12. Vasco da Gama

**[ 2 ]**

**Totaal: 12**
**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Kwartaal 3 Assessering: Antwoorde

## Afdeling A: Geografie

### Klimaat regoor die wêreld

1. 1. winter
   2. 20–30 °C
   3. Aanvaar: suidelike deel van Australië, kusstreke van Suid-Amerika, of party suidwestelike kusstreke van Afrika.
   4. middel van Suider-Afrika

**[ 5 ]**

**Totaal: 5**

### Tropiese reënwoude

2. Die temperatuur en reënval is albei hoog, dus is die klimaat warm en nat.

**[ 2 ]**

3. Vals

**[ 1 ]**

4. Waar

**[ 1 ]**

5. Die verdwyning van natuurlike woude weens die afkap van bome sonder dat dit vervang word

**[ 1 ]**

**Totaal: 5**

### Warm woestyne

6. Aanvaar enige vyf punte:

   - Plante en diere wat in woestyne kan bly het minder water nodig as meeste spesies en baie kan water stoor vir wanneer hulle dit nodig het.
   - Party diere slaap deur die dag en kom slegs snags uit, wanneer dit koeler is.
   - Diere kou die blare van sekere woestynplante vir vog.
   - Sommige plante het wortels wat baie diep ondergronds strek en sodoende water onder die oppervlak bykom.
   - Sommige plante het dik bas en blare sodat vog nie maklik kan ontsnap en die plant laat uitdroog nie.
   - Sommige diere grawe diep ondergrondse tonnels, wat hulle gedurende warm dae koel hou.

**[ 5 ]**

**Totaal: 5**

## Naaldwoude

7.
- Hulle het takke wat afwaarts loop sodat sneeu maklik kan afgly.
- Hulle het naalde wat dik en wasagtig is en die koue kan oorleef, anders as groot plat blare.
- Hulle is immergroen.
- Hulle het dik bas wat harpuis afgee, wat die boom teen die koue winde beskerm.
- Hulle het vlak wortels sodat hulle water bo die bevrore grond kan absorbeer.

**[ 5 ]**

**Totaal: 5**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

## Hoe mense hulself in ’n demokrasie regeer: ons nasionale regering

8. Om die regte van elke Suid-Afrikaner te beskerm.

**[ 2 ]**

9. Om nuwe wette vir die land voor te stel, te bespreek en daaroor te stem.

**[ 2 ]**

10. C

**[ 2 ]**

11. ’n Regering wat deur ’n verkiesing (d.w.s. deur te stem) deur die mense in die land verkies is.

**[ 2 ]**

**Totaal: 8**

## Regte en verantwoordelikhede van burgers in ’n demokrasie

12. Voorbeeld-antwoord: Regte is die basiese dinge wat ons nodig het, en waarop mense geregtig is, om ’n gesonde lewe met waardigheid te lei. Verantwoordelikhede is die dinge wat ons moet doen om nie inbreuk op ander mense se regte te maak nie, of ons regte as vanselfsprekend te aanvaar nie. Byvoorbeeld, ons het die reg op ’n opvoeding en die verantwoordelikheid om hard te werk en te studeer.

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

## Kinders se regte en verantwoordelikhede

13. Aanvaar enige vier:

- Lewe sonder om teen gediskrimineer te word
- Kry 'n naam en nasionaliteit kort ná geboorte
- Druk hul eie menings uit en moet geken word in sake wat hulle raak
- Beoefen hul eie geloof, kultuur of oortuigings
- Moet beskerm word teen alle vorme van geweld
- Woon in 'n veilige, standvastige en liefdevolle gesin/familie
- Ontvang voldoende gesondheidsorg voor sowel as ná geboorte
- Ontvang gratis en gelyke verpligte opvoeding
- Word beskerm teen kinderarbeid en enige ander ekonomiese uitbuiting
- Woon in 'n huis

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

## Nasionale simbole sedert 1994

14.

| Element | Wat dit beteken |
|---|---|
| Sekretarisvoël | Opgeligte vlerke simboliseer beskerming |
| Protea-blom | Natuurskoonheid en die opbloeiing van die land se potensiaal |
| Koringare | Voedsel en die vrugbaarheid van die land |
| Olifanttande | Krag en wysheid |
| Skild | Beskerming |
| Spies en knopkierie | Wapens as simbool van die beskerming van vrede |
| Mense wat hande vashou | Vriendskap en samewerking |
| Leuse – in 'n Khoisan-taal !KE E: /XARRA //KE "Diverse mense verening" | "Eenheid in verskeidenheid" |

(Aanvaar enige vier)

**[ 4 ]**

**Totaal: 4**

**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

# Kwartaal 4 Jaareind-eksamen: Antwoorde

## Afdeling A: Geografie

### Klimaat en plantegroei oor die wêreld

1. 1. Grafiek A. Dit toon hoë reënval en hoë temperature.
   2. Grafiek C. Dit toon koue en droë winters, met kort en nat somers.
   3. warm woestyn
   4. 250 mm
   5. Somer. Temperature is hoog (30 °C of hoër).

**[ 8 ]**

**Totaal: 8**

### Bevolking: hoekom mense woon waar hulle woon

2. Bevolkingsverspreiding verwys na hoe mense oor 'n gebied versprei is. Die getal mense in 'n spesifieke gebied is die bevolkingsdigtheid.

**[ 3 ]**

3. 1. Aanvaar drie: klimaat, hulpbronne, handel en vervoer, wette en geskiedenis, natuureienskappe
   2. Leerders moet EEN van die antwoorde op die vorige vraag kies en verduidelik hoe dit beïnvloed waar mense woon. Voorbeeld-antwoord: Mense maak 'n bestaan uit visvang, dus kies hulle om langs die see te bly.

**[ 5 ]**

4. 1. 2 tot 5 miljoen mense
   2. Aanvaar redelike antwoorde. Voorbeeld-antwoord: Die klimaat in Noord Afrika is warm en droog, dus kan mense nie baie gewasse kweek nie (dit is 'n woestyn). Mense vang waarskynlik vis langs die kus en rivieroewers, want dit is waar die vrugbare grond en hulpbronne is.

**[ 4 ]**

**Totaal: 12**

**AFDELING A TOTAAL: 20 PUNTE**

# Afdeling B: Geskiedenis

## Demokrasie en burgerskap

5. Voorbeeld-antwoord: Regte is die basiese dinge wat ons as mense nodig het om ’n gesonde lewe met waardigheid te leef. Verantwoordelikhede is die dinge wat ons moet doen om nie op ander mense se regte inbreuk te maak nie, of om nie ons regte as vanselfsprekend te aanvaar nie. Byvoorbeeld, ons het die reg op voldoende gesondheidsorg en die verantwoordelikheid om gesond te eet en te oefen en sodoende gesond te bly.

**[ 4 ]**

6. 1. D
   2. C
   3. A
   4. B

**[ 4 ]**

**Totaal: 8**

## Medisyne die eeue heen

7. Daar is nie net een korrekte antwoord op hierdie vraag nie, en maniere om genesers te identifiseer en op te lei, verskil dalk van kultuur tot kultuur en streek tot streek. Aanvaar enige korrekte antwoorde. Voorbeeld-antwoord:

   Inheemse genesers word deur die voorvaders geroep om genesing te beoefen. Met ander woorde, dit is ’n roeping. Die voorvaders identifiseer ’n persoon as ’n inheemse geneser op een of ander manier, byvoorbeeld, deur ’n spesifieke siekte. ’n Praktiserende inheemse geneser neem dan die persoon deur ’n reeks rituele en seremonies. As die persoon siek is, genees hierdie rituele die siekte. Die persoon word dan deur ’n meerdere opgelei wat reeds ’n praktiserende geneser is.

**[ 3 ]**

8. 1. C
   2. D
   3. A
   4. E
   5. B

**[ 5 ]**

9. Aanvaar enige twee: narkose, vermyding van infeksie, bloedoortappings, X-strale

**[ 2 ]**

10. Holistiese geneeskunde beteken die behandeling van verstand en gees sowel as die liggaam. Hierdie soort geneeskunde herken dat medisyne (in die vorm van middels) nie die enigste manier is wat iemand behandel of genees kan word nie.

**[ 2 ]**

**Totaal: 12**

**AFDELING B TOTAAL: 20 PUNTE**

OXFORD **Suksesvolle**

## Sosiale Wetenskappe 6

# ASSESSERINGS-HANDLEIDING

**Gebruik jou *Oxford Suksesvolle Sosiale Wetenskappe* Graad 6 Assesseringshandleiding met dié betroubare kursusse en hulpbronne in jou klaskamer:**

























*Wat jy in hierdie hulpbron kan vind:*




*Assessering en eksamenoefening vir elke kwartaal, met antwoorde*




*Kopieerbare eksamen-tipe vraestelle met gegradeerde vrae op die regte vlak*




*Tabelle wat die vlak van vrae, tipe vaardighede en leerderboek bladsyverwysings lys*




*Meertalige woordelys van eksamenterme en sleutelwoorde, met verduideliking in Engels en vertaling in vyf tale*

***FOTOKOPIEERBAAR OF AFLAAIBAAR IN 'N OOGWINK!***

***Besoek freeresources.oxford.co.za en laai hierdie gids - asook meer as 70 ander gratis hulpbronne - af om tyd te spaar en resultate te verbeter.***

Kontak ons
021 596 2300
www.oxford.co.za

OXFORD UNIVERSITY PRESS SOUTH AFRICA

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

KABV

PROM190756901

SOUTH AFRICA